

23 April

Prediker 3, (Teks: 3:11)

Tyd en ewigheid

Die prediker handel hier oor 'n saak waarmee almal van ons te doen het, naamlik, Tyd. Ons lewe in tyd, ure, dae, maande en jare. Ook die mooi dinge, die "dae van jonkwees", die "goeie ou dae", "die gelukkige tye" - alles is aan tyd gebonde. Tyd staan egter nooit stil nie - elke sekonde wat verby is, is vir altyd verby. Dit sal nooit weer daar wees nie. Psalm 90 is 'n aangrypende lied wat ons deurgaans voor die feit stel dat ons aardse lewe maar baie kort is. "Ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig, en dié is vol swaarkry en leed. Dit is gou verby, ons vlieg na ons einde toe" (Ps. 90:10). Daarom is elke dag vir ons so uiters kosbaar en waardevol. Nou is die vraag: Wat baat al ons moeite in hierdie wêreld, as alles dan verby gaan? Waarom is daar soveel hartseer, pyn en spanning as ons lewe so kortstondig is? 'n Mens sou kon vra: Waarom sloof ek my af deur elke dag hard te werk en my verantwoordelikhede na te kom - as alles tog maar op die ou end verbygaan?

Die prediker wil ons juis oor hierdie vrae laat nadink. Lees vers 11. God het 'n bepaalde tyd gegee vir alles. Hierdie tyd wat God gegee het, het slegs betekenis en waarde as ons die God van die "onbepaalde" tyd agter alles erken as die "Beskikker van ons deel en lot". Niks gebeur toevallig nie. Alles wat met ons gebeur word deur God bepaal met die doel om ons voor te berei op die ewige lewe wat Christus vir ons verwerf het. Ons moet elke dag waardeur en voluit lewe! Alles gaan wel verby, maar nie ons lewe met God nie. God het self die "eeu" in ons harte gelê ('33 Vert.). God het self die besef van ewige, volmaakte tyd in ons harte gelê. Daarom kan ons positief bly, selfs in die tye van beproewing. Met die besef van God se ewige raadsplan agter alles, het alles wat ons beleef en doen ewigheidswaarde.

Sing: Psalm 43:5

Ds. H.W. Schutte (Walvisbaai)